PROSEDURE VIR AKADEMIESE ROOSTERS VIR DIE POTCHEFSTROOMKAMPUS

1 Beleid

Die hantering van roostersake geskied in ooreenstemming met die Institusionele Beleid vir Akademiese Roosters en volgens die volgende kampusspesifieke prosedures.

2 Samestelling van die Kampusroosterkomitee

- Die Kampussenaat benoem ’n senior akademikus as voorsitter van die Kampusroosterkomitee. Die komitee wys uit eie geledere ’n sekretaris aan.
- Die Kampusroosterkomitee het verteenwoordiging van elke fakulteit, van Akademiese Administrasie, van die Studenteraad en van die Roosterkantoor. Die komitee kan ook ander persone betrek om ondersteuning te verleen.
- Die Kampusroosterkomitee het ’n Dagbestuur bestaande uit die Voorsitter, die Sekretaris en die verteenwoordiger van die Roosterkantoor om roostersake tussen die geskeduleerde vergaderings te hanteer, met latere verslag aan die volle Komitee.

3 Werkwyse van die Kampusroosterkomitee

- Die Kampusroosterkomitee werk onder toesig van die Viserektor verantwoordelik vir Onderrig en Leer.
- Die Kampusroosterkomitee is ’n komitee van die Kampussenaat en rapporteer via die Uitgebreide Bestuurskomitee aan die Kampussenaat.
- Die Kampusroosterkomitee hanteer alle klasroosters, toetsroosters en eksamenroosters vir die Kampus en lewer insette tot die datumrooster, wat deur die Institusionele Roosterkomitee gefinaliseer word.
- Die notules van vergaderings van die Kampusroosterkomitee word deurgestuur na die Institusionele Roosterkomitee vir hantering volgens die Beleid vir Akademiese Roosters.
- Die Kampusroosterkomitee het twee geskeduleerde vergaderings per jaar, wat op die datumrooster aangebring word. Hierdie vergaderings vind plaas teen die einde van elk van die twee semesters en het ten doel om te bevestig dat die roosters vir die volgende semester vasgestel is en om ’n evaluering van die funksionering van die roosters van die betrokke semester te maak. Die vergaderings vind betyds plaas, sodat die notule by die UBK en daarna by die Kampussenaat kan dien. Verdere vergaderings word gereël volgens behoefte.
- Die Kampusroosterkomitee handel sy werksaamhede volgens doeldatums af om betyds die konseproosters aan die Uitgebreide Bestuurskomitee en die Kampussenaat voor te lê. Alle akademiese roosters behoort voor die begin van registrasie aan die begin van die jaar beskikbaar te wees.
- Die Kampusroosterkomitee is verantwoordelik om hierdie proseduredokument in stand te hou en wysigings voor te stel soos nodig.

4 Klasroosters

4.1 Roostergroepe

- Die samestelling van die klasroosters is gebaseer op roostergroepe. ’n Roostergroep is ’n versameling van modules waaraan presies dieselfde klasperiodes toegeken is. Dit is dus nie moontlik vir ’n student om vir meer as een module in dieselfde roostergroep te registreer nie, behalwe as daar spesiale reëlings is om te verseker dat daar nie botsings in klasbywoning, toetse en eksamens is nie.
- Daar is 6 volle roostergroepe vir modules met prakties (aangedui deur nommers 1, 2, 3, 4, 5, 6) en 12 halwe roostergroepe (aangedui deur 1A, 1B, 2A, 2B, ens.) vir modules sonder prakties. Daar is ’n verdere roostergroep vir die “Verstaan die Wêreld”-modules en vir AGLA (aangedui deur nommer 10).
- Sekere kurrikula het spesiale vereistes (wat afkampus praktiese werk kan insluit) en bestaan grotendeels uit modules wat nie met enige ander kurrikula gedeel word nie. Hulle word, met toestemming van die Kampusroosterkomitee, toegelaat om self die rooster op te stel volgens hulle spesiale vereistes. Dit sluit alle nagraadse modules in.
- Die roostergroepe per fakulteit word afsonderlik in tabelvorm gegee en bly sover moontlik vas van jaar tot jaar, behalwe waar fakulteite verskuiwings voorstel, wat in oorleg met die Kampusroosterkomitee afgehandel moet word.

- Die roostergroepe is bepalend vir die vakkombinasies wat vir studente beskikbaar is en is in ooreenstemming met die jaarboeke. Hierdie vereistes moet streng gehandhaaf word in die goedkeuring van vakkombinasies. Die strewe is om die klasroosters in die jaarboeke te publiseer.

4.2 Perioderooster

4.2.1 Samestelling van die perioderooster

- Die perioderooster maak voorsiening vir klasperiodes tussen 7:30 en 17:30 van Maandag tot Vrydag. Die periodes is (behalwe vir die eerste twee periodes van die dag) 50 minute lank en die oggendperiodes vanaf die derde periode, begin om 10 minute na die uur, vir maklike verwysing. Daar is 10 minute beskikbaar na elke periode vir klaswisseling, behalwe by die dubbelperiodes aan die begin van die oggend en in die middag.
- Die toekenning van periodes per week is gestandaardiseer. Vir modules sonder ’n praktiese komponent is dit
  - in die eerste jaar 4 periodes vir 12 krediete
  - in die tweede jaar 4 periodes vir 16 krediete en
  - in die derde (en vierde jare waar van toepassing) 4 periodes vir 32 krediete.

  Vir modules met praktiese klasse word 4 opeenvolgende periodes vir die doel bygevoeg.
- Elke oggend begin met ’n dubbelperiode (sonder onderbreking) van 90 minute, ten einde toetse te begunstig en om te verseker dat al die periodes inpas tussen 7:30 en 17:30. In die middag is daar 2 dubbelperiodes sonder onderbreking, maar met 10 minute pouse tussen die 2 dubbelperiodes vir klaswisseling indien nodig.
- Praktiese klasse begin direk na die etensuur, sodat die studente vooraf geleentheid het om te ontspan. Praktiese klasse loop tot aan die einde van die klasdag, sodat studente die werk kan voltooi sonder om na ’n volgende teorieklas te moet gaan.
- Die indeling van klasperiodes verskyn in die volgende tabel:

	07:30	08:15	09:10	10:10	11:10	12:10	13:00	14:00	14:50	15:50	16:40
	08:15	09:00	10:00	11:00	12:00	13:00	14:00	14:50	15:40	16:40	17:30
Ma	6A*	6A	5B	4B	3B	2B	Ete	1A	1A	1B*	1B
Di	5A*	5A	6B	3B	2B	1B	Ete	4A	4A	4B*	4B
Wo	4A*	4A	6A	6A	6B*	6B	Ete	2A	2A	2B*	2B
Do	3A*	3A	4B	1B	10*	10	Ete	5A	5A	5B*	5B
Vr	2A*	2A	6B	5B	1A*	1A	Ete	3A	3A	3B*	3B

4.2.2 Reëls betreffende die perioderooster

- Programme wat deur hierdie perioderooster gereël word, word nie toegelaat om klasperiodes op ander tye as deur die rooster bepaal, te gebruik nie, aangesien dit onvoorsiene gevolge kan hê en ook die voorsiening van lokale kan raak.
- Die uur vir middagete mag nie vir klasse gebruik word nie en geen klasse mag na 17:30 gereël word nie, ten einde voorsiening vir studenteaktiwiteite en sport te maak.
- Indien daar addisionele klasperiodes in ’n module nodig is, bo en behalwe die voorsiening soos hierbo uiteengesit binne die perioderooster, moet dit met goedkeuring van die betrokke dekaan wees, die dosent moet dit self reël, mag nie lei tot enige roosterbotsings nie en dit is onderhewig aan die beskikbaarheid van lokale.
- Klagtes en versoeke wat oor hierdie rooster ontstaan, moet vir hantering deurgegee word aan ’n kommissie bestaande uit die voorsitter van die Kampusroosterkomitee, die betrokke fakulteitsverteenwoordiger op die Roosterkomitee en die verteenwoordiger van die Roosterkantoor.

- In oorleg met die betrokke fakulteite, word die volgende bepaling wat voor in alle jaarboeke verskyn, toegepas in gevalle wat nie akkommodeer kan word nie:

  Let Wel: *Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.*

- Die periodes wat met 'n asterisk (*) gemerk is, is bedoel vir klastoetsies van ongeveer 10 minute, sodat sulke toetsies oor die verskillende weeksdae versprei kan wees (kyk 5.4 hieronder).

4.2.3 Omruiling

Daar is driejaarliks 'n omruiling van die Vrydagperiodes met die Dinsdagperiodes of 'n ander rotasie, sodat dieselfde roostergroepe nie jaar vir jaar op Vrydagmiddag geplaas word nie.

5 Toetsroosters

5.1 Opsies vir toetse

Die volgende opsies bestaan vir fakulteite met betrekking tot toetse:

- Deelname aan die klasvrye assesseringsperiode waarvoor daar voorsiening gemaak is op die datumrooster, ongeveer in die middel van elke semester. Volgens bestaande beleid is die maksimum lengte van so 'n toets 1 ½ uur.
- Benutting van dubbelperiodes gedurende die semester vir langer klastoetse.
- Kleiner klastoetse van ongeveer 10 minute elk, veral met die doel om die studente aan te moedig om deurlopend te studeer. Hierdie toetse handel slegs oor die vorige week of twee se werk.

Fakulteite het verskillende beleide oor die benutting van hierdie assesseringsopsies.

5.2 Die assesseringsperiode

- Die rooster vir die assesseringsperiode word sover moontlik op die goedgekeurde roostergroepe gebaseer, maar addisionele sessies word voorsien vir modules wat in meer as een roostergroep geplaas is, sodat al die studente wat vir so 'n module ingeskryf is, dieselfde toets kan skryf.
- Vyf sessies word per dag voorsien en kan op die volgende tye begin: 8:00, 10:00, 12:00; 14:00; 16:00.
- Vanweë 'n beperkte aantal sessies, word plasing van modules in die assesseringsperiode beperk tot modules wat in verskillende roostergroepe geplaas is en modules met baie groot studentegetalle. Ander modules kan geplaas word indien dit nie ontwrigtend sal wees nie.

.

5.3 Toetse tydens dubbelperiodes

In die perioderooster, wat hierbo in 4.2.1 verskyn, beskik elke halwe roostergroep oor 'n dubbelperiode en in 5 gevalle is die dubbelperiode aan die begin van die dag. Die dubbelperiodes word vir toetse benut volgens beurte wat in 'n toetsrooster aangedui word.

Die toetse word per volle weeksiklus van 5 dae elk geplaas, want kalenderweke is dikwels nie volle weke nie. Die toetsperiodes is die dubbelperiodes wat vir teorie gebruik word. Dit word so geplaas dat daar nie meer as een toets per dag is nie en dat die toetse verkieslik oor die weeksiklus versprei is. Modules wat 'n volle roostergroep benut, gebruik die dubbelperiode van die A-deel van die roostergroep.

In ’n semester van 13 weeksiklusse kan die toetsrooster soos volg saamgestel word:

Week-siklus	1	2	3	4	5	6	7	8	9	Ases-serings-periode	10	11	12	13	Eksa-men
Rooster-groepe	Oop	Oop	Oop	1A, 1B, 2B	2A, 6A, 6B, 10	3A, 3B, 5A	4A, 4B, 5B	1A, 1B, 2B	2A, 6A, 6B, 10		3A, 3B, 5A	4A, 4B, 5B	Oop	Oop	

5.4 Klein klastoetsies

Vir die klein klastoetsies van ongeveer 10 minute is die beskikbare periodes aangedui met ’n asterisk (*) in bostaande klasrooster (paragraaf 4.2.1). Daar moet voorsiening wees vir 13 roostergroepe per week, wat beteken op 2 dae is daar voorsiening vir 2 toetsies en op die ander 3 dae voorsiening vir 3 elk. Dosente gee tipies nie ’n klastoetsie elke week nie en die aantal klastoetsies sal dus minder wees as waarvoor voorsiening gemaak word. Die aangeduide periodes verseker dat daar nie ’n oorlading van toetsies is nie.

6 Eksamenroosters

Dit is die strewe om eksamenroosters saam te stel op grond van die roostergroepe, sodat die eksamenroosters voor registrasie beskikbaar sal wees. Verskillende jaarvlakke van ’n bepaalde roostergroep skryf eksamen in verskillende sessies, ten einde voorsiening te maak vir studente wat vakke sleep. Spesiale sessies word geskep om voorsiening te maak vir modules wat in verskillende roostergroepe herhaal word, sodat almal wat vir ’n bepaalde module ingeskryf is, dieselfde vraestel kan skryf.

7 Toekenning van lokale

Die Kampusroosterkomitee ken lokale vir die gebruik in die verskillende roosters toe, in ooreenstemming met die Beleid vir Akademiese Roosters.

14 November 2011